# DIE VERHOUDING TUSSEN AFRICO CHRISTIAN EN GEORGE SCHMIDT, 1737—1743*

**H C Bredekamp**
*Universiteit van Wes-Kaapland*

*SUMMARY*

**Africo Christian's association with George Schmidt, 1737—1743**

In the annals of the Moravian Church Africo (Christian) is only remembered for being one of George Schmidt's Khoikhoi converts. This article attempts to give a more detailed account of his life. In the 1730's he introduced Schmidt, first missionary to South Africa, to the Khoikhoi lifestyle, and is an unique example of how the process of transformation manifested itself in the life of a colonial Khoikhoi.

Africo Christian is thus portrayed as the most remarkable Khoikhoi personality known at the Cape between 1737 and 1743 in terms of his adaptability to the socio-economic order of the Cape and his transformation from heathen to Christian. Despite the strained relations between missionary and convert, at times, Schmidt had to acknowledge the leadership qualities and social standing of Africo as a clan leader. This seemed to have been an important reason for entrusting the mission station at the time of his departure in October 1743 to Africo Christian.

In kerkhistoriese en opvoedkundige werke oor die vroeë geskiedenis van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika word Africo Christian, eerste Khoikhoi-dopeling op Genadendal van George Schmidt, net as 'n historiese randfiguur vermeld.[1] Eers met die verskyning van die bronnepublikasie *Dagboek en Briewe van George Schmidt*[2] in hierdie dekade het dit moontlik geword om 'n meer sinvolle bydrae te lewer oor Africo se lewe en die proses van transformasie wat hy indertyd ondergaan het. Dit is in dié opsig dat hierdie artikel 'n bydrae wil lewer oor die lewe van die merkwaardigste Khoikhoi-persoon aan die Kaap tussen 1737 en 1743. Dit bly egter die lewe van iemand wie se transformasie van 'n tradisionele herders-

*Hierdie artikel verskyn met die oog op die 250-jarige herdenking van die stigting van Genadendal.

1. Kyk A. Nachtigal, *De Oudere Zending in Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1893); K. Müller, *Georg Schmidt, Die Geschichte der ersten Hottentottenmission 1737—1744* (Herrnhut, 1923); F.J.G. du Toit, "George Schmidt, the life and work of the first missionary to the Hottentots in South Africa". (Ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1946); J.D. Schreuder, "Die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk onder die Kleurlinge in Suid-Afrika." (Ongep. D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom vir C.H.O., 1951); Bernhard Krüger, *The Pear Tree Blossoms; the history of the Moravian Church in South Africa 1737—1869* (Genadendal, 1966); I.H.T. Balie, "Die 2½ eeue van Genadendal." (Ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1986). Lg. verhandeling is sedert die skryf van die artikel gepubliseer onder die titel *Die geskiedenis van Genadendal, 1738—1988* (Kaapstad & Johannesburg, 1988).
2. *Das Tagebuch und die Briefe von Georg Schmidt dem ersten Missionar in Südafrika (1737—1744)/ Dagboek en briewe van George Schmidt eerste sendeling in Suid-Afrika (1737—1744)* geredigeer deur H.C. Bredekamp en J.L. Hattingh (Bellville, 1981). Hierna net *George Schmidt* genoem.

bestaan tot dié van 'n koloniale Khoikhoi nou verweef was met die arbeid van die eerste sendeling in Suid-Afrika.

## Africo se kennismaking met George Schmidt

Africo se verbintenis met George Schmidt het omstreeks September 1737 in Kaapstad begin. Dit moes na afloop van die winterreëntyd gewees het toe Africo en sy klangenoot Kibido die poshouer van die kompanjiespos Soetemelksvallei aan die Riviersondereinde, as wadrywers Kaap toe vergesel het.[3] Hulle besoek aan die kasteel het aan die Herrnhutse sendeling die geleentheid gebied om, na bykans twee maande se verblyf aan huis van Johan Tobias Rhenius, die militêre hoof van die garnisoen, 'n standplaas in die Overberggebied te gaan uitsoek. Moontlik het Rhenius hom aangeraai om die gebied sy sendingveld te maak en gereël dat hy Africo-hulle terug oor die Hottentots-Hollandberge vergesel. Die ontmoeting en verdere gesprek tussen Schmidt en Africo op die Kaapse wapad na Soetemelksvallei moes nuwe stukrag aan die proses van transformasie, wat in beperkte mate al by Africo[4] te bespeur was, gegee het.

Reeds ten tyde van sy kennismaking met Schmidt was Africo al in 'n gevorderde stadium van verwestering. Hy kon al mooi Hollands praat[5] en as tolk dien vir die Duitssprekende sendeling wat na 'n jaar se verblyf in die Nederlande,[6] Hollands magtig was. Sy woonplek by Hartebeestekraal[7] was ook anders ingerig as dié van sy klangenote. Hy het nie in 'n matjieshut gewoon nie, maar klaarblyklik soos die veeboerpioniers in 'n hartbeeshuisie. Die huisie was sowat 'n halfuur se stap van die veepos geleë in die rigting van die huidige dorp Genadendal.[8] Daar het dit heel waarskynlik ietwat afgesonderd van die ander hutte gestaan.[9]


Uit Schmidt se skrale dagboekgegewens blyk dit dat Africo indertyd nie bloot 'n veeherdersbestaan gevoer het nie: hy het soms as wadrywer vir die veepos opgetree en reeds voor September 1737 'n belangstelling in akkerbou getoon. Met Schmidt se aankoms by Hartebeestekraal het dit reeds geblyk dat Africo 'n sugsloot om 'n onbewerkte land gegrawe het.

Onder die sendeling se toesig kon hy nou meer landboukundigheid opdoen. Saam


3. Moontlik was dit by geleentheid toe die poshouer, Engelbregt Foestman, sy kwartaalverslag oor die veestapels aan weerskante van die rivier, by Soetemelksvallei en Ziekenhuis gaan indien het. Die veestapel aldaar het toe uit 8 perde, 298 beeste en 570 bokke bestaan. Vgl. Argiefbewaarplek, Kaapstad, C353 Attestatiën, 30 Augustus 1737, pp. 438—9; Elizabeth J. Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die Westelike Overberg in die agtiende en vroeë negentiende eeue" (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-tesis, Universiteit van Suid-Afrika, 1983), pp. 232—3; en C 353, 2 Desember 1737, p. 643.
4. Die naam Africo is duidelik nie 'n tradisionele Khoikhoi-naam nie, maar 'n Hollandse bynaam vir hierdie man van Afrika.
5. *George Schmidt,* p. 491.
6. Kyk *George Schmidt,* p. 23.
7. Hartebeestekraal is vir die eerste keer in 1792 as 'n leningplaas van Arend van Wieligh geregistreer. Kyk E.J. Prins, "Aspekte van die geskiedenis van die Westelike Overberg in die agtiende en vroeë negentiende eeue" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1979), p. 273.
8. Vir die doel van hierdie artikel word die plek waar Schmidt en sy godsdienstige volgelinge hulle in April 1738 gaan vestig het, Genadendal genoem. Hy het nooit die benaming Baviaanskloof gebruik nie maar eerder van Sergeantsrivier gepraat. Kyk H.C. Bredekamp "Vehettge Tikkuie alias Moeder Lena van Genadendal, 1739—1800" in *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek,* vol. 41(4), Junie 1987, p. 140.
9. *George Schmidt,* pp. 45, 55, 479.



*"George Schmidt ... doop die eerste Hottentotte" (Uit:* Drie Eeue *van A.J. Böeseken en andere, deel 1, p. 162). Hierdie afbeelding is 'n wanvoorstelling van Schmidt se doopplegtighede in 1742. Africo Christian en die vier ander dopelinge is elk afsonderlik op verskillende dae en sonder omstanders gedoop.*



*George Schmidt (1709—1785) [Bron: Genadendal Drukkery, Genadendal]*



Bokkeveldberge
(NIEUWOUDTVILLE)
DOORLOGSKLOOF
ONDER-BOKKEVELD
Olifantsrivier
KNOLVALLEI
COMPAGNIESDRIFT
(CLANWILLIAM)
Olifantsrivier
Doornrivier
RENOSTERHOEK
(HET KRUIS)
GONNEMASKRAAL
(EENDEKUIL)
Olifantsrivierberge
Kouebokkeveldberge
KOUE BOKKEVELD
Piketberg
Bergrivier
(CERES)
WARM BOKKEVELD
GROENEKLOOF
(MAMRE)
GOUDINI
Breerivier
HOOGSTEDE
DRAKENSTEIN
(PAARL)
KAAPSTAD
Kaapse Wapad
Franschhoekberge
Olifantspad
(Franschhoekpas)
(GENADENDAL)
Breerivier
HARTEBEESTEKRAAL
SOETEMELKSVALLEI
Hottentots-Hollandberge
Sergeantsrivier
ONVERWACHT
WOLWEKRAAL
HET ZIEKENHUIS
Rivier sonderend
WARMBAD
(CALEDON)
Botrivier
10 0 10 20 30 40 50 Km
eam-1988

het hulle twee by Hartebeestekraal die saad wat Schmidt uit die Kaap gebring het teen middel September 1737 gesaai, en ook boontjies, ertjies, slaai, uie en pietersielie geplant. Schmidt se hulpvaardigheid met die bewerking van die grond en akkerverbouing het vir Africo en sy klangenote oortuig dat Schmidt nie soos die ander Europeërs "net gekom het om 'n klompie beeste en skape van hulle te kry" nie.[10]

### Africo en Schmidt by Hartebeestekraal

Die wyse waarop Schmidt hom met Africo en sy klangenote probeer identifiseer het, moes van meet af aan 'n gunstige indruk op die Khoikhoi van die kontrei gemaak het. Hy het hom nie by die veepos tussen die kompanjiesdienaars gevestig nie, maar hom naby Africo se huis in 'n geleende tent tuisgemaak. Eers nadat hy vir Africo 'n tydlank met die plantery gehelp het, het hy vir hom 'n eie hartbeeshuisie begin oprig. Om hulle verder in sy teenwoordigheid op hulle gemak te laat voel, het Schmidt aanvanklik saam met hulle saans in Africo se huis gerook.[11] En terwyl Schmidt se hartbeeshuisie in aanbou was, het Africo sy huisie saans as bedehuis vir die sendeling beskikbaar gestel. Die gunstige belangstelling van die Chainokwas en Hessekwas[12] in Schmidt se vreemde verhale kan deels toegeskryf word aan Africo se aansien as 'n klanleier en dié se getuienis oor hom.

Dit moes egter vir Africo en sy mense nie maklik gewees het om hulle tradisionele bewussyn te transformeer in dié van 'n Herrnhutse piëtisme nie. Die Overbergse Khoikhoi had immers 'n eie mitologiese verstaan van die oorsaak van die kwaad in die wêreld en hoe dit oorwin kon word. Schmidt was egter so begeester met sy eie verstaan van die bonatuurlike werklikheid dat Africo se mededelings oor die saak nie juis 'n indruk op hom kon maak nie. Schmidt het wel geweet dat die Khoikhoi in 'n heidense opperwese 'Tikqua' en in 'n bose mag 'Gauna' glo,[13] maar waarskynlik het hy nie aan Africo die geleentheid gebied om Khoikhoi-religie volledig toe te lig nie. Eers latere navorsing sou hierop skerper lig werp. Vandag weet ons dat 'Tikqua' 'n ou wisselvorm van die Korana se 'Thuy//Goab' is, en dat dit in Theophilus Hahn se studies oor die Nama se religie as Tsuni-//Goab aangedui word. Tikqua is vir die Khoikhoi, volgens G S Nienaber, 'n goeie en welwillende opperwese wat sy stem in die donderweer laat hoor wanneer hy kwaad is.[14]

'n Meer omvattende uiteensetting van die Khoikhoi se verstaan van die mitologiese wêreld, wat buite die bestek van hierdie artikel val, is reeds in 1930 deur I. Schapera aangebied. Te midde van die moderne mens se verwarrende konseptualisering van die Khoikhoi se religie is daar nogtans redelike eenstemmigheid dat Tsui-//Goab die god van die donder en die reën voorstel,[15] en derhalwe die natuurkragte wat vir die herdersvolk reën voortbring, personifieer.[16] Voorts verteenwoordig Tsui//Goab die idee van skepping en onderhouding van gesondheid en voorspoed, en die een wat in voortdurende konflik met die bose oppermag, of te wel //Gaunab, verkeer. Laasgenoemde verteenwoordig die oppo-

10. *Ibid.*, p. 45.
11. *Ibid.*, pp. 55, 479, 481.
12. Verkeerdelik word aanvaar dat Schmidt net onder die Hessekwas sendingwerk gedoen het. Die gebied waar hy gearbei het, was 'n oorvleuelingsgebied waar Chainokwa- en Hessekwaklans met hul vee 'n semi-nomadiese leefwyse gevolg het. Vgl. B. Krüger, *The Pear Tree Blossoms*, p. 106; I. Balie, "Die 2½ eeue van Genadendal", pp. 17—8.
13. *George Schmidt*, pp. 45, 55, 481, 493.
14. Vgl. *Francois Valentyn: Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende* in Van Riebeeck-Vereniging, 2de reeks, nr. 4 (Kaapstad, 1973), p. 94; G.S. Nienaber, *Hottentots* (Kaapstad, 1963), pp. 279—84.
15. I. Schapera, *The Khoisan Peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots* (Londen, 1930), p. 380.
16. *Ibid.*, p. 382.

nerende kragte wat vir die dood en onheilspellende natuurverskynsels soos die warrelwind, son- en maan-verduistering, en die reënboog verantwoordelik is.[17] Klaarblyklik was die onderhouding van seremonies beskou as 'n middel tot vrywaring van die toorn van die noodlot. Om hierdie verstaan van die bonatuurlike wêreld kognitief te vervang met dié van 'n Morawiese piëtistiese beskouing moes vir Africo-hulle 'n ewe groot uitdaging ingehou het. Te meer as daarmee rekening gehou word dat die meeste Europeërs aan die Kaap Schmidt se leer en Christelike uitlewing van sy geloof te veeleisend gevind het om na te volg. Bevestiging hiervan vind ons onder meer in Schmidt se eerste briewe aan sy kennisse oorsee en in 'n Politieke Raad-resolusie van 1743.[18] Desnieteenstaande, en te midde van hulle spot het hy sy kersteningstaak met ongekende ywer aangedurf: eers by Hartebeestekraal tot April 1738 en daarna by Genadendal.

In Africo het hy 'n eerste gewillige Khoikhoi vir sy proefneming gevind. Schmidt moes kort na sy kennismaking met Africo besef het dat die aanleer van 'n leesvaardigheid by die Khoikhoi gebiedend noodsaaklik was vir 'n sinvolle verstaan van die Skrifwaarhede. Derhalwe is 'n paar Nederlandse ABC-boekies uit die Kaap laat kom en op 27 Oktober 1737 kon Africo met sy formele leesonderrig begin.[19] Africo se klanlede het mettertyd ook aan die nuwigheid van leesonderrig begin deelneem en teen April 1738 het hulle getalle sodanig toegeneem dat hulle hul as 'n eie sendinggemeenskap elders kon gaan vestig. Uit die briewe wat Schmidt oorsee gestuur het, is dit egter nie duidelik of Africo onder sy eerste tien leerlinge te Hartebeestekraal getel het wat teen die einde van 1737 al die letters van die alfabet kon herken en moontlik selfs al lettergreepverdeling kon doen nie. Wat wel vir Africo toe al duidelik was, is Schmidt se aandrang dat hulle van hul bygelowe moes prysgee en 'n nuwe leefwêreld in denke, woord en daad moes nastreef. 'n Eerste toets in dié verband vir Africo het gevolg op die afsterwe van sy kindjie. Klaarblyklik het hy Schmidt se raad gevolg en die kindjie sonder 'n gebruiklike Khoikhoiseremonie in 'n gat wat hy en Schmidt gegrawe het, begrawe.[20]

Nadat Schmidt die vertroue van Africo en sy mense gewen het, het hy al strenger die belangrikheid van dissipline by Africo-hulle begin inskerp. Allereers is met die kinders begin wat mettertyd 'n agting uit vrees vir Schmidt ontwikkel het. Ongehoorsame kinders is byvoorbeeld aan die einde van die dag deur Africo in Schmidt se sorg gelaat om by hom te oornag en uit die Skrif te leer. Na die môreseën is hulle weer na Africo gestuur om die vee bedags op te pas en saans vir godsdiensonderrig aan te meld.[21]

Die handhawing van orde en die inskerping van dissipline by Africo en sy klangenote het so 'n obsessie by Schmidt geword dat hy hom beywer het om absolute gesag oor hulle uit te oefen. By Hartebeestekraal was dit egter nie moontlik nie aangesien dit nie deur homself aangelê is nie en te naby aan die dekadente invloed van die militêre veepos was. Toe hy teen April 1738 besluit om na die afgesonderde vallei naby die samevloeiing van die Riviersondereinde en die Sergeantsrivier te verhuis, was Africo reeds so geheg aan hom dat hy saam met 17 ander Khoikhoi-persone Schmidt daarheen gevolg het. Daar het Schmidt 'n anderse gesagsverhouding tussen hom en Africo-hulle gehandhaaf as wat by Hartebeestekraal die geval was.

17. *Ibid.*, p. 396.
18. Kyk *George Schmidt*, pp. 43, 53; Anna J. Boeseken, "Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 7de jaargang, 1944, p. 48.
19. *George Schmidt*, pp. 45, 491.
20. *Ibid.*, p. 47.
21. *Ibid.*, p. 61.

## Africo se vestiging by Genadendal, 1738—1739

Gebrek aan feitelike gegewens oor die periode tussen 23 April 1738, toe die trek op Genadendal aangekom het, en 16 Januarie 1739, toe Schmidt volledig begin dagboek hou het, bemoeilik 'n rekonstruksie van die eerste paar maande van Africo se lewe in Genadendal. Nogtans blyk dit teen die begin van 1739 dat Schmidt hom soos 'n kwasi-feodale landheer teenoor sy Khoikhoi-volgelinge laat geld het. Schmidt het, met die hulp van onder meer die soldate van die veepos, dadelik vir homself 'n hartbeeshuisie laat bou. Sy gevolg het heel waarskynlik vir maande in hul tradisionele matjieshutte gewoon voordat Schmidt vir Africo-hulle stelselmatig tuinpersele begin uitmeet het.[22]

Die vestigingsproses van Schmidt se Khoikhoi-volgelinge in Genadendal kan, aan die hand van sy dagboek, ná 1738 redelik getrou gevolg word. Onder hulle tree Africo as 'n koloniale Khoikhoi die sterkste na vore. Die wegtrek uit die onmiddellike omgewing van die Soetemelkvalleise veepos het hom en sy mede-klangenote geensins van verdere koloniale invloed gevrywaar nie. Inteendeel, hulle heer se hervestigingsinisiatief en sy erkenning van die koloniale gesag daar het Africo-hulle nouer as ooit tevore by die ontplooiing van die koloniale samelewingsorde aan die Kaap betrek. Dit is veral te bespeur in die verloop van Africo se sosiale, militêre, materiële en godsdienstige lewe na 1738.

Ten opsigte van sy sosiale lewe word Africo se besoeke aan die veepos en nabygeleë krale asook sy gesinsopset van die begin van 1739 af duideliker in Schmidt se dagboek aangetoon. Daarin blyk dit dat sy vrou, Chamas, nie 'n maklike mens was om mee huis te hou nie. Rusie tussen hulle het albei soms van Schmidt se godsdienstige byeenkomste laat wegbly.[23] Sy het op 'n keer tot drie weke lank in kwaaivriendskap met Kibido se vrou, Hannah, geleef. Toe Hannah later eerste toenadering soek en haar een oggend nooi om saam te gaan bid, het sy stilswyend saam gegaan. 'n Hewige rusie het egter by die bidplek ontstaan toe Kibido se vrou by Chamas navraag doen oor haar swygsaamheid.[24] Moontlik kon haar geaardheid Schmidt verhinder het om haar saam met haar man in April 1742 as Christin te doop. Dit is ewe opvallend dat hy meer dikwels van ander vroue in Genadendal se dienste as kok gebruik gemaak het as van Africo se vrou s'n.[25]

Africo en Chamas het minstens drie dogters gehad. Die een, wie se naam nooit in die dagboek verstrek word nie, het ook by Schmidt onderrig ontvang maar weens gewetenswroeging in Oktober 1739 haar leerboeke vir Schmidt teruggegee en tot Februarie 1740 van die klas af weggebly. Haar terugkeer tot die Christelike onderrig hou moontlik verband met haar liefde vir Friedrich, een van Schmidt se aanvanklike getroue volgelinge, met wie sy later die maand stilletjies getrou het.[26] Hulle twee het getrou aan mekaar gebly tot aan die einde van Schmidt se bediening in die Overberg.[27] Van Africo se tweede jongste dogter, Miethyen, is min gegewens opgeteken. In Desember 1741 het sy haar verbintenis met die sendingstasie beëindig toe sy Schmidt se leerboek aan hom teruggegee het en haar tradisionele leefwyse by 'n nabygeleë kraal gaan voortsit het.[28] Die jongste dogtertjie van Africo word egter meer dikwels genoem, veral vir haar luidrugtigheid en rondhardlopery op die sendingstasie. Daarvoor het die sendeling haar soms 'n pak slae gegee, soos in Februarie

---

*Ibid.*, p. 75.
23. *Ibid.*, pp. 113, 165.
24. *Ibid.*, p. 89.
25. *Ibid.*, pp. 277, 323.
26. *Ibid.*, pp. 87, 123.
27. *Ibid.*, pp. 317, 473, 475.
28. *Ibid.*, pp. 293, 473.

en Maart 1740, kort voor haar moeder moes kraam. Die baba het binne enkele dae nadat Chamas geboorte geskenk het, gesterf.[29] Sowat agtien maande later, op 16 September 1741, is nog 'n klein kindjie aan die dood afgestaan. Benewens reedsgenoemde kinders was daar ook die seun Adam, wat hy waarskynlik aangeneem het om hom met die oppas van sy vee te help.[30]

**Africo en die Botha-kommando van 1739**

Terwyl Africo besig was om met sy veeboerdery en akkerbou op dreef te kom, is hy en 'n vyftal mans in Augustus 1739 deur die koloniale owerheid opgekommandeer vir militêre diens aan die noordwesgrens van die Kaapkolonie. Hulle deelname daaraan was aanvanklik nie vrywillig nie, maar gegrond op vrees dat hulle "gegesel en gebrandmerk sal word" as hulle weier om aan die burgerkommando deel te neem.[31] Vanweë die betekenisvolheid van Africo-hulle se deelname aan die Botha-kommando van 1739 is dit gerade om die gebeure rondom die militêre episode breedvoerig te bespreek.

1739 was 'n krisisjaar vir die koloniale owerheid aan die Kaap. Die krisis het op twee verbandhoudende vlakke gedreig om die koloniale orde te versteur: 'n Khoisanverset en 'n dreigende koloniste-rebellie.

Teen die einde van 1738 het gewelddadige verset in die gebied noord en noordoos van die Bergrivier begin verskerp, onder meer vanweë die verraderlike optrede van 'n groep onwettige veeruilers en hul Khoikhoi-meelopers vroeër die jaar. Die groep, onder leiding van die landbouer Willem van Wyk, het op hul tog vee van die Klein- en Groot-Namakwa geruil tot sover as die Oranjerivier. Op hul terugtog is hulle Khoikhoi-meelopers, volgens latere getuienis, van vuurwapens en ammunisie voorsien om 'n verraderlike aanval uit te voer op 'n kraal van die Groot Namakwa waar die veeruilgeselskap nog kort tevore 'n maand lank gasvryheid geniet het. Swartbooij, en sy seun Titus, is onder meer 'n deel van die vee wat hulle met die wapens sou buit, belowe. Na die missie uitgevoer is, het die geselskap met hulle waens en die gebuite vee verder suid beweeg. In die Piketberg-omgewing is minstens nog 'n strooptog uitgevoer waarin kaptein Arisie se vrou gedood en hulle baba verwond is.

Dit alles het op die lappe begin kom na die koloniste-veebuiters geweier het om aan Swartbooij en Titus hulle deel van die gebuite vee te gee. Voortspruitend hieruit het die owerheid van die veebuitery verneem en op hulle beurt het Swartbooij en Titus besluit om hulle aan die kant van die verontregtes te skaar. Hulle het die voortou begin neem in die Khoisan se aanvalle op die kolonie se noordwesgrens.[32] Die eerste versetaksie van Swartbooij en Titus, alias Charmant, in September 1738, was om die vee van een van die veebuiters van die Sandveld, A. Louwrens, weg te voer en te dreig dat dit maar die begin van hul versetstrategie is om die koloniste uit die gebied te verdryf. Die owerheid het dadelik werk daarvan gemaak om vier addisionele burgerlike veldkorporaals in die koloniale binneland

29. *Ibid.*, pp. 123, 125, 131.
30. *Ibid.*, pp. 285, 317.
31. *Ibid.*, p. 79; Archiv der Brüder-Unität, Herrnhut, Duitse Demokratiese Republiek, Band R15.m.a.l. p. 13. Schmidt se weergawe van die aanleidende oorsake vir die opkommandering van die Overbergse koloniste stem redelik getrou ooreen met dié van die amptelike VOC-dokumente. Dit is klaarblyklik daaraan toe te skrywe dat hy tydens sy besoek aan Kaapstad in Julie/Augustus 1739 met verskeie amptenare en koloniste in kontak was, en dus dikwels hulle weergawe van gebeure aan die Kaap moes aanhoor.
32. Nigel Penn, "The Frontier in the Western Cape, 1700—1740", in *The British Archeological Report,* BAR International Series 332, Oxford, pp. 14—16, 19, 26—30.

aan te stel, in onderskeidelik die Bokkeveld, Goudini, Olifantsrivier en die gebied *oorkant* die Olifantsrivier. Veldkorporaal Andries Burger, van laasgenoemde gebied, is opdrag gegee om met 'n klein geskenkie die Khoisan daar tot vrede te oorreed. Verset benoorde die Piketberg het egter vir die grootste deel van 1739 voortgewoed.

Intussen het die besware van 'n aantal Namakwakapteins oor die veebuitery en gerugte van moord 'n geregtelike ondersoek genoodsaak. Die agerende landdros, C.C. Counitz, van Stellenbosch het op bevel van die goewerneur die verdagte koloniste se vee gekonfiskeer en hulle gedagvaar om hulle voor die Hof van Justisie te verantwoord. Hierdie gewraakte optrede van die owerheid teen 'n groep koloniste ten gunste van sogenaamde heidene, is deur 'n verloopte sersant, Estienne Barbier, aangegryp om 'n moontlike rebellie aan te blaas.[33] Onder sy aanvoering het die veebuiters en rebelle 'n opruiende verklaring teen die owerheid op Sondag 1 Maart 1739 aan die kerkgangers van Drakenstein voorgelees en teen die kerkdeur vasgespyker. Die owerheid het hierop gereageer deur Barbier voëlvry te verklaar. Die res van sy gevolg, veebuiters en rebelle, sou egter gepardoneer word as hulle by die beoogde kommando teen die Khoisan aansluit.[34] Sodoende is probeer om die owerheid se probleem van blanke onmin oor sy nie-blanke beleid uit te skakel ten koste van geregtigheid aan die Namakwa wie se vee gebuit is.[35]

'n Beleid van kragdadige optrede teen die Khoisan van die Noordwesgrens het hierop gevolg. 'n Kommando van die distrik Stellenbosch en Drakenstein is in Mei 1739 onder bevel van oud-burgerraad Johannes Kruijwagen in die veld gestoot om die ganse noordwesgrens te tem. Toe die kommando teen die einde van Mei ontbind, was chaos, brandstigting en verwoesting nog steeds aan die orde van die dag. Die ontbinding van die kommando is gevolg deur die oprigting van twee strategies geleë militêre poste: Warmbad (naby Citrusdal) en Compagniesdrift (naby Graafwater).[36]

Terselfdertyd is probeer om die daaropvolgende maand 'n meer gedugte kommando onder bevel van burgerkaptein Theunis Botha en luitenant Johannes Louw Jacobsz op die been te bring. Die kommando moes hierdie keer ook leningplaashouers van die buitedistrikte insluit wat in die Kaapse distrik woonagtig was. Die onwilligheid van talle burgers om egter in die reënseisoen en ploegtyd op kommando te gaan, het die Politieke Raad geen keuse gelaat as om te wag tot einde Augustus nie.

Dit is dan ook die kommando waaraan Africo en vyf ander manne van Genadendal deelgeneem het. Synde koloniale Khoikhoi is van hulle verwag om die opdrag van die Overbergse veldkorporaal te gehoorsaam en soos die weerbare koloniste aldaar saam, moontlik via die Olifantspad in die Franschhoekberge,[37] na die plaas Hoogstede van kaptein Theunis Botha in Agter-Paarl op te ruk. Vandaar het die kommando van 83 man op Maandag 31 Augustus 1739 vertrek. Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n verwesterde Khoikhoi soos Africo in 'n aparte tent saam met die ander Khoikhoi meelo-

---

33. Vgl. R.H. Pheiffer, "Hernude aandag vir 'n verloopte Fransman — Tekste in gebroke Nederlands van Estienne Barbier" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 2 (Junie 1975), pp. 87—92.
34. P.L. Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier 1660—1902; 'n Geskiedenis van die distrik Vanrhynsdorp" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* 29ste jaargang, deel 2, 1966, p. 36.
35. Gerrit Schutte, "Kompanjie en koloniste aan die Kaap" in *'n Samelewing in Wording: Suid-Afrika 1652—1820* (Kaapstad en Johannesburg, 1982), onder redaksie van Hermann Giliomee en Richard Elphick, pp. 211—12.
36. P.L. Scholtz, "Vanrhynsdorp", p. 36.
37. Kyk E. Prins, "Westelike Overberg", p. 176.

pers sou moes slaap.[38] Benewens die feit dat hulle heel waarskynlik van wapens en ammunisie voorsien is, en veral as spioene waardevolle diens verrig het, moes hulle ook ander takies verrig het, soos die drywe van waens, die versorging van die perde en die aanja van gebuite vee.

Volgens die amptelike dagregister moes die kommando vandaar noordwes getrek het verby die Piketberge en Gonnemaskraal (ietwat oos van die huidige dorp Eendekuil) tot by Renosterhoek, die plaas van goewerneur Swellengrebel se vader noordoos van Het Kruis. Daar het die kommando die eerste naweek vertoef terwyl hul Khoikhoi-verspieders die Sandveldgebied en Olifantsrivierberge verken het. Niks dramaties het die daaropvolgende week op kommando gebeur terwyl Africo-hulle 'n roete verby die huidige dorp Clanwilliam en die plaas Knolvallei (noord van die Pakhuispas) in die rigting van die Doornrivier gevolg het nie.

Skermutselings tussen die Khoisan en die kommando het eers van Donderdag 17 September af plaasgevind. Van die kant van die kommando is aanvalle vanaf Uijlekraal op die krale van die 'Hottentot Vuijlbaart', in die huidige Nieuwoudtville-omgewing, geloods. In die eerste kommando-aanval op 'n kraal het 54 gewapende man, waarvan 12 Khoikhoimeelopers was, vyf Khoisan gedood, 'n geweer afgeneem en vroue en kinders gevange geneem. Twee dae later is 'n tweede kraal naby Oorlogskloof, suid van Nieuwoudtville, aangeval. Hier is 29 Khoisan gedood, ses gevange geneem, en 164 stuks vee gebuit. Daarna het die kraal van kaptein Jantje Klipheuwel aan die beurt gekom waar dertien van sy mense gedood en 'n aantal verwond is. Daarbenewens is 162 beeste en 209 skape gebuit, en 40 skape as vredesgebaar van die oorwonnenes geëis. Die skermutseling by Oorlogsberg was 'n gevoelige slag vir die gemeenskap van Genadendal: Catharina se man, Kobbus, het daar in die Onder-Bokkeveld sy lewe gelaat.

Die stryd is egter voortgesit, en met die hulp van die Khoikhoi-verspieders het die kommando dood en verwoesting in die Bokkeveldberge naby die Doornrivier gesaai. En teen 11 Oktober was die Khoisan in die Bokkeveld se gees van verset geknak. Onder die kommandolede het meningsverskil ontstaan oor die voortsetting van hul offensief tot in Namakwaland. Met 'n meerderheid van stemme het kaptein Theunis Botha egter besluit om huiswaarts te keer. Op pad Stellenbosch toe is die gebuite vee aan die koloniste wat veeverliese gely het, uitgedeel asook aan twee Khoikhoi-verspieders, Slinger Kobus en Jager.[39] Die res is op die Kompanjiesveepos Groenekloof, naby die huidige Mamre, gelaat.[40]

Ingevolge 'n latere resolusie van die Politieke Raad het landdros Pieter Louwrens opdrag ontvang om in oorleg met die burgeroffisiere die oorblywende vee onder die Khoikhoi-meelopers te verdeel. Daarvan moes Kobbus se vrou "een ruijmer portie als die andere" ontvang.[41] Die besluit is waarskynlik nie ten volle uitgevoer nie, want Schmidt maak net melding van die vee wat sy Khoikhoi vir hulle moeite ontvang het sonder enige verwysing na Kobbus of Catharina.[42] Al sou die verdeling van die gebuite vee nie regverdig geskied het nie, en al het die Genadendalse manne aanvanklik teësinnig by die kommando aangesluit, was hulle deelname daaraan betekenisvol. Met hulle terugkeer het Schmidt hulle met 'n gebedsessie in hul strooise verwelkom. Op sy beurt het Africo hulle deelname

---

38. Vgl. C.G. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad,* deel ix, (Pretoria, 1981) 31 Oktober 1739, p. 301.
39. *Resolusies van die Politieke Raad,* pp. 301—07.
40. N. Penn, "The Frontier", p. 26.
41. *Resolusies van die Politieke Raad,* p. 307.
42. *George Schmidt,* p. 93.

aan die kommando gerasionaliseer deur Schmidt daarop te wys dat hulle biddend en met die minste moontlike geweld daaraan deelgeneem het.[43] In 'n wyer konteks verteenwoordig Africo-hulle se betrokkenheid in die Botha-kommando die begin van 'n militêre rol vir latere gekerstende Khoikhoi-gemeenskappe in die Kaapkolonie: die voorsiening van weerbare manne teen enige bedreiging van die koloniale orde.

Die gewilligheid van Africo om, na sy terugkeer van kommando, Khoisanversetaksies in die Overberg te stuit, is opvallend. Wat hom daartoe gedronge laat voel het, word nie in Schmidt se dagboek vermeld nie. Slegs die rede vir sy afwesigheid van die sendingstasie word elke keer verstrek. So, byvoorbeeld, meld Schmidt in Desember 1739 dat Africo en Kibido hulle beskikbaar gestel het vir 'n strafekspedisie om gebuite vee van 'n kraal terug te win. Die daaropvolgende maand haas Africo hom weer te perd na die veepos toe gerugte die rondte doen dat die Khoisan met 'n aanval langs die Riviersondereinde dreig.[44] Die feit egter dat die poshouer hom daarheen ontbied het, en hy dus as't ware opgekommandeer is, dui moontlik daarop dat van hom verwag is om op militêre gebied 'n soortgelyke rol as die koloniste te vervul in die verdediging van die koloniale orde.

## Africo se lewe op materiële gebied, 1738—1743

Bogenoemde aanname kan gemaak word as daarop gelet word dat Africo indertyd hom toenemend op materiële gebied met die koloniale leefwyse geïdentifiseer het. Hy het byvoorbeeld soos die meeste koloniste al minstens een perd teen April 1739 besit. Die perd is deur Schmidt gebruik toe hy sy sendingbroeders wat in Tafelbaai aangedoen het, wou besoek.[45] Toe Schmidt by geleentheid in November 1739 deur vaandrig Frederick Rhenius na die warmwaterbron by die huidige dorp Caledon ontbied is, moes hy waarskynlik weer een van Africo se perde geleen het.[46] Uiteraard het Africo sy perde ook vir eie gebruik ingespan, soos byvoorbeeld om reedsgenoemde militêre operasies uit te voer, boodskappe vinniger oor te dra, skape mee aan te jaag, sy gars mee uit te trap en sout mee te gaan haal.[47] Uit die dagboek is dit nie duidelik hoe Africo aan sy perde gekom het nie; waarskynlik is dit aan hom as beloning gegee vir die uitvoering van een of ander taak by die veepos. Eweneens is dit nie duidelik wanneer en hoe Schmidt 'n perd bekom het nie; waarskynlik kort voor hy 'n afdak vir sy perd op Junie 1742 laat oprig het.[48]

Die aanskaf van perde was maar een aspek van Africo se transformasie van 'n tradisionele Khoikhoi-leefwyse tot dié van 'n koloniale Khoikhoi te Genadendal. Onder George Schmidt se toesig het hy daar mettertyd ook ander produksiemiddele bekom. Aanvanklik het hy soos sy geesgenote in 'n matjieshut gewoon. Dit het hy teen die einde van Desember 1739 in 'n kleihut begin omskep.[49] Nie ver van sy kleihut af nie moes hy toe reeds 'n eie tuin gehad het waarin jong perskeboompies gestaan het. Vroeg in Desember het Schmidt hom gewys hoe om dit te snoei.[50] Africo het hom tussen 1740 en 1743 in beperkte mate op

43. *Ibid.*, pp. 91—93.
44. *Ibid.*, pp. 105, 111.
45. In Julie-Augustus 1739 was George Schmidt vir bykans 'n maand afwesig van Genadendal om saam met dr. A.C.F. Eller en eerw. David Nitschmann in Kaapstad te wees voordat hulle hul reis na Ceylon sou voortsit. Kyk *George Schmidt*, pp. 75—81.
46. *George Schmidt*, pp. 91—92.
47. *Ibid.*, pp. 105, 325, 431. In die warm seisoen kon sout geskraap word in sommige droë lope van die Overberggebied. (Mondelinge mededeling van dr. E.J. Prins).
48. Vgl. *George Schmidt*, p. 373.
49. *Ibid.*, p. 107.
50. *Ibid.*, p. 103.

veral die verbouing van geelwortels, pampoene, ertjies, koring en gars toegelê[51]. Skaapmis uit sy eie kraal is vir bemesting aangewend.[52] In die moerassige vleigrond waar hy waarskynlik sy tuin aangelê het, het hy dit deur middel van 'n sugsloot probeer drooglê en met die opbou van 'n wal water en rondlopervee probeer wegkeer.[53] Teen Julie 1740 het hy reeds oor 'n eie ploeg en nog later 'n eie hark of eg beskik.[54] Die koring wat hy uitgewan het, is klaarblyklik nie alles in een slag gemaal nie; maar namate daar 'n behoefte in sy huishouding ontstaan het, is dit met 'n handmeultjie by een van die naburige leningplase, of by die veepos, gemaal.[55]

Ten opsigte van veeboerdery moes Africo se tradisionele herdersagtergrond hom in die nuwe tegnieke wat George Schmidt hulle wou aanleer, besonder goed te staan gekom het. Schmidt het hom volgens alle aanduidinge aangemoedig om meer permanente kraalstrukture as dié waaraan hulle gewoond was op te rig. Dit verklaar moontlik waarom Africo in Februarie en Maart 1740 begin het met die oprigting van onderskeidelik 'n bees- en skaapkraal met kleimure. Eers het Schmidt hom gewys hoe om dit met 'n stuk tou uit te meet en dan 'n fondament te lê. Die houtpale vir die mure is met osse uit die bos gesleep. Vroue en kinders is ingespan vir die maak van klei terwyl die bouery deur veral Africo en Bubbesak gedoen is.[56]

Hoeveel beeste, skape en hoenders Africo in die onderhawige periode besit het, word nêrens aangedui nie. Dit is wel duidelik dat hy benewens die vee by die sendingstasie ook heelwat vee by die nabygeleë krale moes gehad het. Van tyd tot tyd het die soldate by die veepos tabak, drank en ander snuisterye vir die vee van Africo en die ander Khoikhoi op Genadendal kom ruil.[57] In dié verband is dit opvallend dat Schmidt sy mense verbied het om sterk drank aan te koop dog hom nooit uitgespreek teen die gebruik daarvan op Genadendal as 'n ruilmiddel nie.[58] Klaarblyklik was dié opvallende teenstrydigheid in Schmidt se houding toe te skryf aan sy begeerte om, enersyds, 'n sobere lewe onder sy volgelinge te bevorder en, andersyds, om nie die koloniale owerheid van hom te vervreem nie.

Benewens die kragte wat Africo aan sy eie grond en vee gewy het, kon hy ook tyd inruim om vir die poshouer en Schmidt take te verrig. Albei het hom dikwels as wadrywer ingespan. So, byvoorbeeld, is hy einde Desember 1739 na die veepos met 'n span osse gestuur om 'n wa daar te kry en enkele stukke huisraad van Schmidt — twee wateremmers en 'n wasvaatjie — Genadendal toe te karwei.[59] uit die kompanjiesbos aan die Riviersondereinde het hy en Duncker in Februarie 1740 met 'n kolonis se geleende wa hout vir Schmidt aangery.[60]

Die behoefte aan 'n wa op Genadendal was teen September 1740 klaarblyklik so groot dat die poshouer een vir die gemeenskap geleen het.[61] Die wa het egter dikwels onklaar geraak en is soms deur òf die kompanjiestimmerman by Ziekenhuis òf Africo tuis

51. *Ibid.*, pp. 129, 181, 219, 305, 431, 465.
52. *Ibid.*, pp. 157—9.
53. *Ibid.*, pp. 141, 231, 371, 373, 377.
54. *Ibid.*, pp. 153, 379.
55. *Ibid.*, pp. 227, 305, 465.
56. *Ibid.*, pp. 117, 129—33, 157—9.
57. *Ibid.*, p. 91.
58. *Ibid.*, p. 275.
59. *Ibid.*, p. 109.
60. *Ibid.*, p. 123. Kyk ook *Resolusies van die Politieke Raad,* viii, 7 September 1734, p. 368.
61. *George Schmidt,* pp. 167, 283.

herstel.[62] Die wa is hoofsaaklik gebruik om proviand by die veepos te gaan haal, graan, meel, timmer- en brandhout aan te ry, en selfs om sout te gaan skraap.[63] Voorts blyk dit uit die dagboek dat Africo redelik beheer oor die gebruik van die wa gehad het.[64] Toe die wa weer in Oktober 1741 breek, was 'n plankkar reeds aangeskaf.[65] Africo het toe ook al oor 'n eie tweedehandse wa beskik. Schmidt het dit ongeskik gevind om hout uit die kompanjiesbos mee aan te ry vir die oprigting van die eerste koringskuur op Genadendal. 'n Wa is toe by 'n naburige boer geleen.[66]

Africo was, benewens die oprigting van sy eie huisie en krale, ook nou gemoeid met die bou van ander boukonstruksies op Genadendal. In Maart 1740 was hy en nog drie mans druk besig om 'n afdak vir Schmidt se huis te dek.[67] Die volgende jaar, in Oktober en November, het hy weer vir Schmidt gehelp met die bou van 'n klipbakoond terwyl hulle handlangers klei moes aansleep.[68] Na die oprigting daarvan was Africo-hulle nie meer vir hul vars brood op die kompanjiesveepos aangewese nie. In dié tyd het hulle ook onder Schmidt se toesig 'n gemeenskaplike koringskuur met 'n solder teen die noordelike berghang opgerig. Die koringskuur was van klei, sparre en balke gebou, en het 'n gladde kleivoer en 'n gewelmuur gehad.[69] Na voltooiing van die koringskuur is Africo na die kneg Johan Benicke gestuur om ook te help om 'n strooidak op sy koringskuur te sit.[70] Ander take wat Africo teen moontlike vergoeding vir Schmidt en die gemeenskap verrig het, was die herstel, kort voor oestyd, van die gemeenskaplike dorsvloer, die skoonmaak en insout van geslagte varke, die uitwan van koring en die maal daarvan by die veepos.[71] Sy tranformasie was dus oor 'n wye front.

By slegs twee geleenthede, in Oktober 1742, het Africo nie bevredigende diens vir Schmidt gelewer nie. Die een geleentheid was toe Schmidt hom uit radeloosheid tot Africo gewend het om 'n luiperd, wat snags sy bokke in die kraal doodgemaak het, van kant te maak. Schmidt het toe vir Africo van die nodige ammunisie vir sy geweer voorsien. Die bepaalde nag het Africo nagelaat om sy roer op te stel en is vier van Schmidt se bokke doodgebyt. Enkele dae na die woordewisseling wat hierop gevolg het, was Africo en Schmidt weer haaks. Die keer was dit nie oor pligsversuim nie, maar oor Africo se ongeërgde houding met die bou van 'n sooiwal in Schmidt se tuin. In plaas van die sooie mooi en stewig te pak, het hy dit somaar oor mekaar gegooi. Dit het Schmidt so vererg dat hy Africo byna te lyf gegaan het en in 'n onbewaakte oomblik sy afkeer in die Khoikhoi laat deurskemer: "... hulle is oor die algemeen baie ongemanierde mense".[72]

Hierdie ongelukkige waarde-oordeel van George Schmidt het gevolg na vyf jaar se geestelike bearbeiding van Africo by Hartebeestekraal en Genadendal, en nadat hy hom reeds as een van sy volgelinge gedoop het. Dit was ook die tyd toe Schmidt deur 'n spanningsvolle tyd gegaan het as gevolg van die gereformeerde predikante en koloniale owerheid se bevooroordeelde houding teen die sukses wat sy sendingbediening begin toon het. Voordat die spanning waarin Schmidt indertyd geleef het meer indringend behandel

62. *Ibid.*, pp. 285, 457.
63. *Ibid.*, pp. 161, 311.
64. *Ibid.*, p. 209.
65. *Ibid.*, p. 259.
66. *Ibid.*, p. 271.
67. *Ibid.*, pp. 127—9.
68. *Ibid.*, p. 279.
69. *Ibid.*, pp. 281—3, 287.
70. *Ibid.*, p. 323.
71. *Ibid.*, pp. 293, 299, 329, 377, 427, 465.
72. *Ibid.*, p. 421.

word, is dit allereers nodig om die godsdienstige verhouding tussen Schmidt en Africo tussen 1739 en 1742 op Genadendal onder die loep te neem.

**Van heiden tot Christen, 1738—1742**

Die godsdienstige verhouding tussen Africo, die klanleier, en Schmidt, die pioniersendeling, was nie net een van harmonie nie, maar is dikwels gekenmerk deur onderlinge wantroue en ideologiese konflik. Reeds vroeg in Januarie 1740 was Schmidt al begerig om Africo te doop mits hy hom bereid sou verklaar vir die vergaar van skatte in die hemel in plaas van op die aarde.[73] Daarteenoor het Africo erken dat die Bybel die ewige waarheid verkondig hoewel die uitleef daarvan vir die inlandse bewoners binne hulle sosiale opset nie haalbaar was nie, want "ons is tog 'n eienaardige volk."[74] Saam met Wilhelm het Africo in Mei 1740 in kinderlike opregtheid teenoor Schmidt bely dat die vreemde uitdaging wat Schmidt se Heiland aan hulle stel 'n ondraaglike piëtistiese gewetensbinding op hulle geplaas het.[75]

Die gewetensbinding ten opsigte van sterk drank, wat Schmidt op hulle probeer afdwing het, het in Maart 1741 tot 'n eerste verhoudingskrisis tussen Africo en Schmidt gelei en die sluimerende wantroue by Africo in Schmidt op 'n spits gedryf. Die aanloop daartoe was 'n versoek van Africo aan Bubbesak om deur middel van 'n ander Khoikhoi brandewyn uit Hottentots-Holland te bring. Nadat die drank afgelewer is, het Africo en sy drinkebroers dit dermate geniet dat hulle versuim het om die aandbyeenkoms by te woon. Dieselfde aand het Schmidt na Africo se huis afgesit en Africo, hoewel nie sigbaar dronk nie, so spraaksaam gevind dat hy hom moes betig. Africo het op sy beurt nie stilgebly nie maar gedreig dat hy, as die mees invloedryke Khoikhoi onder die mans, die sendingstasie sou verlaat. In die woordewisseling wat daarop gevolg het, moes Schmidt tot sy skok van Africo se wantroue in hom verneem. Africo het Schmidt van winsbejag met die aanlê van Genadendal beskuldig. Volgens Africo het gerugte die rondte gedoen dat Schmidt hulle net gebruik het om hom te help om die moerassige nedersetting in 'n ontwikkelde landgoed te omvorm sodat hy dit teen 'n wins kon verkoop wanneer hy daarvandaan wegtrek.[76] Uit Africo se aanmerkings blyk dit onder meer dat hy, die eertydse klanleier en heer van Hartebeestekraal, die vallei by Sergeantsrivier as 'n eiendomsbesitting van die sendeling beskou het waar hulle as sy arbeidsvolk moes arbei. Schmidt het gekrenk hierop gereageer: "Ek het so baie moeite vir julle gedoen, my lewe en al my kragte gewaag uit liefde vir julle en julle weet van geen dank vir my daarvoor nie, ens."[77] In sy dagboek het Schmidt later erken dat dit net sy Christenskap was wat hom daarvan weerhou het om met Africo handgemeen te raak.[78]

Die voorval het Schmidt erg bekommerd gelaat, veral toe Africo, Kibido en Jaktie die volgende dag na Hartebeestekraal vertrek het om waarskynlik 'n opname van hulle skape daar te gaan maak. Na hulle vertrek het hy by sy getroue Wilhelm troos gaan soek. Dié het hom verseker dat sy armoede hom nie kwel nie; hy sou Africo-hulle nie volg nie, al bly hy 'n arm volgeling van die Heiland. Uit dankbaarheid vir sy getuienis van geloofsekerheid en volharding het Schmidt vir Wilhelm belowe dat as Africo-hulle die nedersetting perma-

73. *Ibid.*, p. 111.
74. *Ibid.*, p. 99.
75. *Ibid.*, p. 137.
76. *Ibid.*, p. 207.
77. *Ibid.*,
78. *Ibid.*, p. 209.

nent sou verlaat en hy sy sendingakker sou moes prysgee, hy Wilhelm saam Europa toe sou neem.[79] Teenoor Africo-hulle het Schmidt egter nie sy kommer getoon nie. Inteendeel, toe hy verneem dat Africo-hulle terug is maar weier om die byeenkomste by te woon, het hy hom laat weet dat as hulle met die drinkery voortgaan, hulle uit die plek verban sou word. Indien hulle egter aanbly wou hy hom die reg voorbehou om hulle 'n pak slae te gee.[80] Na hierdie dreigement het almal behalwe Africo weer die byeenkomste begin bywoon.

Teen 3 April 1741 het Africo egter besef dat Schmidt 'n sterker houvas op die inwoners van die Sergeantsriviervallei bekom het as hy. Gevolglik het hy 'n meer versoenende houding jeens Schmidt ingeneem en saam met Kibido, Bubbesak en Jaktie vir Schmidt vergifnis gaan vra oor hulle verkeerde optrede. Schmidt het in skerp taal vir Africo die leviete voorgelees en met hom tot 'n duidelike vergelyk gekom: "... ek moet hom dit net nog hierdie keer vergewe, hy sal dit nie weer doen nie."[81] Daarna is 'n soortgelyke ooreenkoms met die ander aangegaan.

Africo se aanvaarding van Schmidt se sterker gesagsposisie het groter gedienstigheid en 'n kenbare momentum aan Africo se geestelike transformasie gegee. Schmidt meld byvoorbeeld op 7 Julie 1741, dat Africo sy siening deel dat onderrig en lees alleen beskore mag wees vir diegene wat die Christelike piëtistiese lewenswandel onderskryf.[82] Teen Oktober het Africo-hulle reeds so ver gevorder in hulle verstaan van die kruisevangelie dat Schmidt vir hulle 'n boek met ses kopergravures oor die kruisiging kon toon. In Schmidt se bediening aan die Khoikhoi was dit die eerste keer dat hy van visuele prent-materiaal gebruik gemaak het.[83]

Die groot oomblik in Africo se geestelike lewe het op 2 April 1742 aangebreek. Dit was ná Schmidt se besoek in Maart aan Kaapstad waar hy 'n ordeningsbrief van sy landheer en biskop van die Hernieude Morawiese Broederkerk, die graaf von Zinzendorf, ontvang het. Die brief het Schmidt as voldoende magtiging aanvaar waarvolgens hy die Khoikhoi onder sy pastorale sorg kon doop. Met die brief in sy besit het hy op pad Genadendal toe eers vir Wilhelm as Josua gedoop voordat hy op sy standplaas ander begin doop het. Die Maandag na sy aankoms het hy vir Josua en Africo in sy kamer geneem, en na 'n tyd van gebed het hy Africo gevra of hy nie 'n doopverbond met die Heiland wou sluit nie. Toe hy positief daarop antwoord, is die betekenis van die doopsakrament uitvoerig verduidelik. In die teenwoordigheid van Josua as getuie is Alfrico toe as Christian gedoop, en het hy op dié wyse naamgenoot van Christian David, stigter van die Herrnhutse gemeenskap in Sakse in 1722, geword.[84]

Soos in die geval van Josua is die naamsverandering wat Africo by 'n nabygeleë waterstroompie ondergaan het, betekenisvol. Sy nuwe naam moes hom kennelik herinner aan sy aanvaarding van 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing; 'n openbare belydenis dat hy sy heidense lewenswandel versaak en hom met die leer van Christus soos deur Schmidt verkondig, identifiseer.

---

79. *Ibid.*, p. 207. Die enigste inlandse bewoner wat indertyd uit die sendingveld na Herrnhut geneem is, was Carmel Oly, 'n seun van St. Thomas in die Karibiese eilande. Onder die Herrnhutters het hy as Josua bekend gestaan en omstreeks die tyd van Schmidt se vertrek op sy sendingreis in 1736 van die koue gesterf toe hy maar agt jaar oud was. Sy graf word vandag nog in die Herrnhutse godsakker versorg.
80. *George Schmidt*, p. 207.
81. *Ibid.*, p. 209.
82. *Ibid.*, p. 239.
83. *Ibid.*, p. 273.
84. *Ibid.*, p. 343.

Om 'n meer tasbare betekenis aan sy dopelinge se nuwe status te gee, het Schmidt 'n eksklusiewe gespreksklas geskep.[85] Die onderrig wat hulle daar ontvang het, was op 'n hoër vlak met die oog daarop om weer ander te leer spel, lees, skryf en sing. Die inhoud van hul vertroulike gesprekke moes hulle egter nie met nie-Christene bespreek nie.[86] Die uitvoer van die doopritueel het egter nie Africo Christian-hulle se gewetensprobleme laat verdwyn nie. Na verloop van tyd het hulle nog steeds ellendig gevoel, en Schmidt moes hulle voortdurend pastoraal bemoedig en vaderlik vermaan om ander in woord en daad tot voorbeeld te wees. In die geval van Africo Christian was dit weer eens die versoeking van sterk drank wat tot 'n gewetenskrisis in Mei/Junie 1742 gelei het. Hiervan het Schmidt verneem toe Christian na 'n besoek as wadrywer aan Kaapstad te skaam was om die gespreksklas by te woon. Op die tog het hy 'n vaatjie brandewyn bekom en twee ongedooptes, sy skoonseun Friedrich, en die man van die dopeling Christina, Gerth, daarvan laat drink.[87] Die voorval en die drank wat hy by sy huis gebêre het, het hom so gepla dat hy verkies het om liewer van die klas af weg te bly. Schmidt het hom egter vermaan om nie in eie krag 'n beter lewe te probeer lei nie, maar om eerder in die Heiland te glo wat "jou genade sal gee, en deur Sy bloedsgenade" 'n ander leefwyse sal verseker.[88]

Die toets vir sy geloof het egter nie so sterk van sy eie mense gekom nie as wat dit deur die Christen-koloniste en die gereformeerde predikante aan die Kaap beproef is. 'n Eerste toets in dié verband het in Junie 1742 gekom toe hy as die wadrywer van die veepos Kaapstad besoek het. Die Independente Fiskaal, baron Pieter van Reede van Oudtshoorn, moes blykbaar by die Soetmelkvalleise poshouer, sersant Dan Christof Martinsen, verneem het van die doop van Africo-hulle. Die fiskaal het Africo Christian na sy kantoor ontbied en hom in die teenwoordigheid van ander amptenare uit die Nuwe Testament laat lees. Die vrae oor sy nuwe geloof het hy klaarblyklik so goed beantwoord dat elk van die omstanders hom met 'n 'sjieling' beloon het. Boonop het die fiskaal hom aangemoedig om aan sy nuwe geloof vas te hou en daarvolgens te lewe.[89] Op die plaas Onverwacht in die Hottentots-Hollandgebied was die weduwee Morkel ewe beïndruk met Africo Christian se kennis van die Heilige Skrif. Sy het selfs die hoop uitgespreek dat haar kinders dieselfde soort godsdienstige onderrig ontvang. Africo Christian was weer op sy beurt nie beïndruk met die gebrek aan dissipline by haar skoolgaande 'kinders' nie en het derhalwe die skoolmeester daaroor aangespreek.[90]

In sekere koloniale kringe is met kommer kennis geneem van Africo Christian en andere se godsdienstige en intellektuele ontwikkeling wat teen Maart/April 1742 in 'n doopritueel gekulmineer het. Kwaadwillige gerugte is oor Schmidt se bediening versprei. Onder meer is die Overbergse Khoikhoi verwar met gerugte dat die doop van Schmidt teen die wil van die goewerneur is en tot hul verknegting en slawerny kon lei. Gedagtig aan hul sosiale posisie in die koloniale opset van destyds moes groot vrees onder hulle geheers het toe Christian en Josua in November 1742 na die Kaap ontbied is vir ondervraging oor hulle

85. *Ibid.*, p. 347.
86. *Ibid.*, p. 355.
87. *Ibid.*, p. 371.
88. *Ibid.*, p. 373.
89. *Ibid.*, pp. 367—69.
90. *Ibid.*, p. 369. Die kinders kon nie die van die weduwee Morkel, gebore Catharina Pasman, gewees het nie. Dit moes klaarblyklik haar kleinkinders wees. Kyk C.G. de Villiers, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families* (verwerk deur C. Pama), Kaapstad, 1966, pp. 589—90.
Die skoolmeestger hier ter sprake moes die adelbors Willem Ouwerkerk gewees het. Kyk J Hoge, "Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu" in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Julie 1934, p. 42.

geloof. Al vertroosting wat Schmidt sy twee dopelinge kon bied, was dat hulle hul nie aan die lasteringe van die sogenaamde Christene moes steur nie; hulle moes net vreesloos vashou aan hulle geloof in die Heiland en die waarheid soos hy hulle geleer het.[91]

Onder leiding van die lot[92] het Schmidt hulle tien dae na hul vertrek uit Genadendal op die aand van 3 Desember op die weduwee Morkel se plaas Onverwacht raakgeloop terwyl hulle op pad terug was. Uit Africo se relaas aan hom het dit geblyk dat sersant Martinsen hulle twee eers na die goewerneur geneem het wat wou weet wat hulle glo. Nadat hulle by hom hul geloof in die drieënige God bely het, is hulle na die goewerneur se swaer, ds. Francois Le Sueur, gestuur wat hulle eers die volgende dag te woord kon staan. Soos teenoor goewerneur Hendrik Swellengrebel het hulle ook teenoor hom hulle geloof in die drieënige God bevestig. Hy wou hê hulle moes uit die Statebybel lees, maar hulle het verkies om Johannes 3 uit hulle eie eksemplaar van die Nuwe Testament te lees. Hulle leesvaardigheid het hom so verras dat sy advies aan hulle was: "Bly by wat julle meester julle leer en dra my groete aan hom oor."[93] Le Sueur het sy verwondering oor die Khoikhoi se begrip van die Evangelie ook aan die goewerneur oorgedra. Die Garnisoensekretaris, Christoffel Rhenius, was ewe verbaas, daar hy "self nie gedink het dat (Schmidt) dit so ver sou bring onder die Hottentotte nie".[94]

Die positiewe verslag van Christian oor sy ervaring in die Kaap moes Schmidt bemoedig het. Gevolglik het Schmidt nie terug gedraai nie, maar hom na die Kaap gehaas om 'n oudiënsie met die goewerneur aan te vra. Die kommer wat Schmidt in gesprek met die goewerneur uitgespreek het oor die koloniste se lasterveldtog teen sy kerstening van die Khoikhoi het die goewerneur genoop om twee van Schmidt se beste gekerstenes na die Kaap te ontbied sodat hy as goewerneur hulle gerus kon stel. Goewerneur Van Swellengrebel wou die twee Khoikhoi-gedooptes van sy goeie wil verseker en van sy morele ondersteuning in die nuwe lewe wat hulle gekies het. Ook wou hy hulle nooi om voortaan die eredienste van die gereformeerdes in Kaapstad by te woon.[95] Tydens die onderhoud met Le Sueur, op 3 Januarie 1743, het dit geblyk dat Christian self nie deur boere verhinder is om Schmidt se byeenkomste by te woon nie, maar ander Khoikhoi wel. Om hulle gerus te stel en sy waardering vir hulle Skrifkennis te toon, het Le Sueur hulle met 'n glas wyn getrakteer en laat gaan terwyl hy en Schmidt alleen hulle gesprek voortgesit het.[96]

Africo Christian se verdere lewe as Christen word nie deur Schmidt belig nie, behalwe dat hy vir 'n onverklaarbare rede die gespreksklas, tot waar Schmidt sy dagboek op 7 Februarie 1743 afsluit, nie meer so gereeld bygewoon het nie. Dat hy wel volgeling van die pioniersendeling gebly het, blyk uit 'n latere verslag oor Schmidt se vertrek uit Genadendal. Op 6 Oktober 1743 het Schmidt finaal besluit om sy huisie en sendingkudde onder Christian se toesig agter te laat tot tyd en wyl sy sendingwerk deur ander Herrnhutse broeders verder gevoer sou word.[97] Toe Marsveld, Schwinn en Kühnel in Desember 1792 daarmee 'n aanvang neem, was Africo Christian egter reeds oorlede.[98]

---

91. *George Schmidt,* p. 433.
92. Die gebruik van die lot as middel om vooraf God se wil in kerklike besluite te bepaal kom vandag nog in die Morawiese Kerk voor. Eers word ernstig gebid terwyl drie opsies in 'n houertjie geplaas word: Nee, Ja, Geen antwoord. Die een wat getrek word, word sonder teëspraak aanvaar as die beslissing van God oor 'n bepaalde saak.
93. *George Schmidt,* p. 439.
94. *Ibid.,* p. 443.
95. *Ibid.,* p. 447.
96. *Ibid.,* p. 461.
97. *Ibid.,* p. 495.
98. B. Krüger, *The Pear Tree Blossoms,* p. 45.

## Samevatting

Die presiese datum van Africo Christian se dood is nie bekend nie. Krüger vermoed wel dat dit omstreeks 1756, met die uitbreek van 'n pokke-epidemie, moes gewees het. Daarmee het die kleurryke lewe van 'n merkwaardige Overberger aan sy einde gekom. Sy merkwaardigheid was egter nie net beperk tot die saamry met Schmidt in September 1737 van Kaapstad na Soetemelksvallei en sy doop as 'n eersteling in April 1742 nie.

Hy was ook eersteling in ander opsigte. By hom het Schmidt 'n eerste inlandse perspektief gekry oor die leef- en denkwêreld van die Overbergse Khoikhoi; en by hom het die sendeling eerste tuisgegaan toe hy op soek na 'n standplaas langs die Riviersondereinde was. Deur Africo se toedoen het die Khoikhoi van daardie kontrei vir Schmidt met welwillendheid begroet en die grondslae begin lê vir die stigting van die eerste sendinggemeenskap in Suid-Afrika.

Maar Africo was ook die eerste koloniale Khoikhoi anderkant die Hottentots-Hollandberge in wie se lewe die invloed van die VOC-bewind in die 1730s sosiaal, militêr en materieel die duidelikste sigbaar was. By Hartebeestekraal, en daarna Genadendal, het geen ander volgeling van Schmidt soveel tasbare bewyse in die verband getoon as juis Africo Christian nie. Dit is dan ook nie verbasend nie dat hy die eerste persoon geword het wat op Genadendal as Morawiër gedoop is en aan wie die leierskap van die eerste sendinggemeenskap in Suid-Afrika in Oktober 1743 toevertrou is.

Hoe suksesvol hy hierin was, kan vanweë gebrek aan skriftelike bronne nog nie vasgestel word nie. In welke mate koloniale besetting naby die Sergeantsrivier en aansteeklike siektes die disintegrering van Schmidt se nedersetting voor 1792 bewerkstellig het, is eweneens moeilik om vas te stel. Wat egter nie betwis kan word nie is dat daar teen 1792, met die hervatting van sendingwerk in Genadendal, net historiese reste en herinneringe oorgebly het: ruines van die eerste boukonstruksies op Genadendal, 'n bloeiende peerboom uit 'n vergange era, en ongeëwenaarde Khoikhoi-waardering vir die lewe van 'n Morawiese heilige wat in swakheid en ongeletterdheid probeer het om die lewe van Africo Christian en sy mense radikaal te transformeer maar die wyk moes neem toe die stryd teen koloniale onverdraagsaamheid te fel vir hom geword het.